Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2025

VERBRUIKERSTUDIES NASIENRIGLYN

PUNTE: 200

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 16 bladsye.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

AFDELING A

VRAAG 1: KORTVRAE

1.1	1.1.1	C ✓ *Onthou, maklik (F p.161, S p. 177 & 178)*	(1)
	1.1.2	C ✓ *Verstaan, maklik (F p.167, S p. 185)*	(1)
	1.1.3	D ✓ *Onthou, Maklik (F p.166, S p184)*	(1)
	1.1.4	B ✓ *Onthou, matig (F p. 155, Sp.173)*	(1)
	1.1.5	B ✓ *Onthou, maklik (F p. 94, S p. 114)*	(1)
	1.1.6	C ✓ *Evalueer, matig (F p. 74, S p. 84)*	(1)
	1.1.7	B ✓ *Onthou, maklik (F p.89, S p. 104)*	(1)
	1.1.8	C ✓ *Verstaan, matig (F p. 50, S p. 50)*	(1)
	1.1.9	B ✓ *Toepassing, matig (Gr 11 inhoud)*	(1)
	1.1.10	D ✓ *Toepassing, matig (F p. 51, S p. 53)*	(1)
	1.1.11	B ✓✓ Toepassing, matig *(F p. 56&57, S p. 59)*	(2)
	1.1.12	B ✓✓ Toepassing, matig *(F p 124 & 125, S p146)*	(2)
	1.1.13	C ✓ *Onthou*, matig *(F p. 122, S p.141)*	(1)
	1.1.14	D ✓ *Verstaan, matig (F p. 130, S p. 153 & 155)*	(1)
	1.1.15	A ✓ *Onthou, maklik (F p. 126, S p. 145)*	(1)
	1.1.16	D ✓ *Onthou, maklik (F p. 21, S p. 33)*	(1)
	1.1.17	B ✓ *Verstaan, matig (F p. 25, S p. 25)*	(1)
	1.1.18	A ✓ *Onthou, maklik (F p.15, S p. 21)*	(1)
			[20]

1.2 1.2.1 D ✓
1.2.2 F ✓
1.2.3 B ✓
1.2.4 G ✓
1.2.5 C ✓ (5)

Verstaan, matig (F p. 163-165, S p. 181-183)

1.3 B ✓
C ✓
E ✓
G ✓
H ✓ (Enige volgorde) (5)

Onthou, maklik (F p. 117 & 118, S p. 137)

1.4 C ✓
D ✓
E ✓
H ✓ (Enige volgorde) (4)

Onthou, maklik (F p. 19, S p. 23)

1.5 1.5.1 Onbillike sakepraktyke/ Onbillike besigheidspraktyke/ Onredelike sakepraktyk ✓ *(F p. 157, S p. 174)*
1.5.2 Piramiedeskema ✓ *(F p. 162, S p.178)*
1.5.3 Produkspesifikasies ✓ *(F p. 8, S p. 15)*
1.5.4 Vrywaringsklosule/Vrystellingsklosule/uitsluitingsklosule ✓ *(F p. 156, S p. 173)*
1.5.5 Gelykbreekpunt *(F p. 39, S p. 41)*
1.5.6 Kontrak ✓ (6)

Verstaan, maklik (F p. 155 S p. 169)

[40]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

AFDELING B

VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 **TWEE vorme van hernubare energie:**
Water energie / hidrokrag/elektrisiteit ✓
Wind energie / krag ✓
Sonkrag ✓
Bioenergie/ Energie afkomstig van hout ✓ (Enige 2 x 1) (2)
(Onthou, maklik) (F p. 170-172, S p. 191 & 192)

2.2 **Betekenis van *uitvissing*.**
Uitvissing e-posse is slenter-e-posse ✓ wat gewoonlik voorgee om van banke of ander finansiële instellings ✓ af te kom. Die e-pos vra jou om op ʼn skakel te klik om jou persoonlike besonderhede te verander. ✓ Die skakel neem jou na ʼn vals webtuiste ✓ wat eg lyk en mislei jou om jou persoonlike inligting aan die hengelaars te gee ✓ en dan maak hulle jou bankrekening leeg. ✓

OF

wanneer ʼn e-pos boodskap / webwerf of telefoonoproep daarop gemik is om inligting uit ʼn onbewuste verbruiker kry om sy geld te steel. ✓ Die e-pos lyk eg/werklik ✓ en poog om persoonlike- en finansiële inligting ✓ van die verbruiker te bekom.

(Enige 3 x 1) (3)
(Onthou, maklik) (F p.159, S p. 177)

2.3 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

2.3.1 **Akroniem SAID:**
Suid-Afrikaanse Inkomste Diens ✓ (1)
(Onthou, Maklik) (F p. 163, S p. 181)

2.3.2 **Belangrike belasting waarna verwys word in die uittreksel:**
Invoerbelasting ✓ (1)
(Verstaan, Maklik) (F p. 165, S p. 183)

2.3.3 **Waarom klere wat op Shein en Temu gekoop word, nie geklassifiseer word as parallelle goedere nie:**
Want die vervaardiger het magtiging gegee vir die verkoop van goedere/ toestemming verleen vir die verkoop van die goedere, ✓ jy bestel direk vanaf die vervaardiger. ✓ (2)
(Verstaan, matig) (F p.158, S p. 176)

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.3.4 **Redes waarom SAID ŉ hoër belasting ingestel het op die produkte van Shein en Temu:**
SAID het ŉ hoër belasting ingestel om verbruikers te ontmoedig om by Shein/ Temu te koop/te bestel. ✓ Deur die instel van hoër belastingtariewe, het die produkte op Shein/Temu duurder ✓ geword en baie Suid-Afrikaners het nie meer aanlyn bestel by Shein/Temu nie / liefs plaaslike besighede ondersteun. ✓ Die insameling van hoër belastingtariewe kan aangewend word om sosiale en ekonomiese programme in Suid-Afrika te ondersteun. ✓ Plaaslike aankope stimuleer die Suid-Afrikaanse ekonomie, ✓ verbruikers moet plaaslike ondernemings ondersteun om die verlies aan werksgeleenthede te verhoed. ✓ Die hoër belasting gee plaaslike besighede ŉ regverdige kans/ mededingende voordeel ✓ omdat hulle gesukkel het om te kompeteer ✓ met die lae pryse waarteen Shein/Temu hul produkte aanbied. (Enige 4 x 1) (4)

(Skep, moeilik) (F. p. 165, S p.180)

2.4 **Demonstreer hoe die verhoging in BTW voedselpryse asook die besteebare inkomste van Suid Afrikaners beinvloed.**
As BTW verhoog sal die verbruikers meer betaal vir goedere en dienste/ pryse van goedere en dienste sal verhoog. ✓
Verbruikers sal dit moeiliker vind om hul huidige lewenstandaard te handhaaf. ✓
Verbruikers se koopkrag neem af ✓ en dit beperk hul vermoë om goedere en dienste aan te koop. ✓ Die lewenskoste verhoog, ✓ verbruikers spandeer minder ✓ aan veral essensiële items. (Enige 4 x 1) (4)

(Toepassing, matig) (F p. 164, S p.181)

2.5 Gee voorstelle om water meer effektief te gebruik tydens:

2.5.1 **Tuinmaak**
Plant meer inheemse en waterwys plante ✓ en groepeer plante met soortgelyke waterbehoeftes, ✓ gebruik molm om die vog in grond te behou. ✓
Moenie water gee wanneer dit winderig is nie ✓
Maak jou tuin vroeg soggens of laat middag nat, minder water verdamp/moenie op die warmste tyd van die dag water gee nie. ✓
(Enige 3 x 1) (3)

(Toepassing, Matig) (F p. 180, S p. 199)

2.5.2 **Persoonlike versorging**
Stort liewers as om te bad ✓
Moenie die bad oorvol ✓ maak wanneer jy bad nie.
Maak die kraan toe terwyl jy skeer/tande borsel./jouself met seep smeer. ✓
Kraanbelugters ✓ en lae-vloei-stortkoppe ✓ gebruik 60% minder water as konvensionele toerusting.
Plaas ŉ emmer onder die stort om die water op te vang wat weer gebruik kan word om die toilet te spoel/tuin nat te maak. ✓
(Enige 3 x 1) (3)

(Toepassing, matig) (F p. 180 & 181, S p. 199)

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.6 2.6.1 **Identifiseer die skema hierbo:**
Multivlakbemarking-skema / stapelvlakbemarking ✓ (1)
(Verstaan, matig) (F p. 162, S p. 179)

2.6.2 **TWEE redes vir jou antwoord in Vraag 2.6.1:**
Multivlakbemarkingskemas vereis dat jy ander mense werf, nie net om produkte te koop ✓ en verkoop nie, maar ook om ander mense te werf ✓ teen 'n kommissie.
Dit is 'n wettige piramiede skema, ✓ dit sluit werklike produkte in ✓ en Inkomste word verdien deur die verkoop van produkte. ✓ (Enige 2 x 1) (2)
(Verstaan, matig) (F p.162, S p. 179)

2.7 **Voordeel van 'n twee-jaar waarborg op goedere en dienste.**
'n Waarborg is 'n skriftelike ✓ belofte dat die gehalte en duursaamheid van 'n produk of diens aan sekere standaarde sal voldoen vir ten minste twee jaar. ✓
Dit is 'n belofte vanaf die vervaardiger om die produk te vervang/herstel/ enige probleme ✓ wat binne 'n twee-jaar periode opduik, te hanteer.
Waarborg is 'n vrywaring teen verlies. ✓
Die verbruiker kan kies of hy/sy die produk wil herstel/vervang/of 'n terugbetaling vereis. ✓ (Enige 4 x 1) (4)
(Verstaan, matig) (F p. 158, S p. 175)

2.8 **Verskil tussen *enkelvoudige*- en *saamgestelde rente*.**
Enkelvoudige rente word bereken op die hoofbedrag van 'n lening. ✓
Geen rente word op rente betaal tydens die leningstydperk nie. ✓
Dit word gebruik vir korttermynlenings. ✓ (Enige 2 x 1)

Saamgestelde rente verwys na rente wat by die oorspronklike bedrag (hoofbedrag) gevoeg word, ✓ sodat die bygevoegde rente ook rente ✓ verdien.
Saamgestelde rente kan maandeliks, kwartaaliks, halfjaarliks of jaarliks bereken word. ✓ (Enige 2 x 1) (4)
(Verstaan, matig) (F p. 166, S p. 184)

2.9 **Wat munisipaliteite kan doen om toerisme in hul area te verbeter.**
Begroot vir advertensieveldtogte. ✓
Bemark hulle area in ander provinsies/lande. ✓
Verseker dat riool-dienste funksionerend is. ✓
Vulisverwydering moet op 'n gereelde basis geskied. ✓
Verseker dat elektriese beligting in openbare areas funksioneer. ✓
Hou publieke areas/parke skoon /verminder besoedeling. ✓
Doen gereelde instandhoudings- en onderhoudswerk by publieke areas bv. strande en parke. ✓
Munisipalteite moet in samewerking met SAPD misdaad bekamp. ✓
Organisering en ondersteuning van plaaslike geleenthede bv. sporttoernooie, musiekfeeste. ✓

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

Bevorder die vennootskap tussen die publieke en privaat sektor om toerisme-ontwikkeling te bewerkstelling. ✓
Betrekking van gemeenskapslede in toerisme beplanning en bestuur. ✓
(Enige 6 x 1) (6)

(Analiseer, moeilik) (F p. 185, S p. 205)

[40]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 **Definieer die volgende:**

3.3 3.1.1 **Voedsel additiewe**

Voedsel additiewe is stowwe wat by kos gevoeg word ✓ om dit te preserveer of om die smaak, voorkoms of tekstuur te verbeter. ✓

OF

Voedsel additiewe is natuurlike of chemiese stowwe ✓ wat doelbewus tydens die prosessering of produksieproses ✓ by 'n kosproduk gevoeg word om sekere funksies te verrig. (Enige 2 x 1) (2)

(Onthou, maklik) (F p. 92, S p. 110)

3.1.2 **Voedselsekuriteit**

Voedselsekuriteit is die mens se vermoë ✓ om op 'n daaglikse basis ✓ toegang te verkry tot genoegsame ✓ voedsel, wat veilig en toereikend is om 'n aktiewe en gesonde leefstyl ✓ te handhaaf. (Enige 3 x 1) (3)

(Onthou, maklik) (F p. 106 en S p. 128)

3.2 **Voedseletikette beskerm verbruikers en verskaf inligting aan verbruikers. Lys die inligting op voedseletikette wat aan hierdie vereistes sal voldoen.**

Lys van bestanddele ✓
Voedingkundige inligting ✓
Verkoop-teen-datum/ Gebruik-voor-datum/ Beste-voor-datum/ Vervaldatum✓
Bergingsinstruksies ✓
Instruksies vir voorbereiding ✓
Allergene / Additiewe ✓
Embleme bv. die Hartstigtings-embleem ✓ (Enige 5 x 1) (5)

(Onthou, matig) (F p. 97 & 98, S p. 117 & 118)

3.3 3.3.1 **SES redes waarom jy steeds organiese produkte bo massa-geproduseerde produkte sal verkies.**

Minder brandstof word gebruik daarom dra dit nie tot besoedeling by nie. ✓
Minder besoedeling omdat geen chemiese insekdoders gebruik word nie. ✓
Dit is gesonder en smaak ook beter. ✓
Organiese produkte word gebruik om diere te voer, geen groeihormone of onnodige antibitotika word toegedien nie. ✓
Meer plaaswerkers word op organiese plase benodig/ daar is meer werksgeleenthede beskikbaar. ✓
Organies geproduseerde produkte bevat geen chemiese preserveermiddels of kunsmatige additiewe nie. ✓
Vryloopdiere word in organiese boerdery veel mensliker behandel as in fabrieksboerdery. ✓
Organiese boerdery verbeter die grondgehalte ✓ en beskerm die watervoorraad/geen afloop van skadelike chemikaliëe in die water nie. ✓
Organiese boerdery konsentreer op die volhoubare gebruik van hulpbronne. ✓ (Enige 6 x 1) (6)

(Toepassing, matig) (F p. 104, S p. 126)

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.4 **Beantwoord die volgende vrae met verwysing na anemie:**

3.4.1 **Dieetriglyne om ystertekort anemie te verhoed**	3.4.2 **Redes**
Eet kos wat ryk is aan heemyster, soos lewer en rooivleis ✓ **OF** Eet lewer/ rooivleis/ vis/ pluimvee ✓	Yster uit dierebronne word beter geabsorbeer as yster uit plantbronne. ✓
Voedsel wat ryk is aan Vitamin C moet saam my ysterryke voedsel ingeneem word. ✓	Vitamin C bevorder die absorpsie van yster. ✓
Moenie koffie en tee saam met etes drink nie. ✓	Koffie en tee verminder die absorpsie van yster / Die tanniene wat in koffie en tee voorkom, vorm onoplosbare samestellings wat veroorsaak dat minder yster vir absorpsie beskikbaar is. ✓
(3)	(3)

(6)

(Toepassing, matig) (F p. 76 & 77, S p. 90 & 91)

3.5 **Beantwoord die volgende vrae m.b.t voedseloordraagbare siektes:**

3.5.1 **Voedseloordraagbare siekte ook bekend as maaggriep:**
Gastro-enteritis ✓ (1)

(Verstaan, maklik) (F p. 91, S p. 108 & 109)

3.5.2 **Omskryf oordragsmoontlikhede vir die volgende voedseloordraagbare siektes:**
Die eet of drink van gekontamineerde voedsel /water ✓
Deur eetgerei met ʼn geïnfekteerde persoon te deel. ✓
Versuim om hande te was. ✓
Kontak met ʼn geïnfekteerde persoon of wanneer ʼn geïnfekteerde persoon voedsel voorberei. ✓ (4 x 1) (4)

(Onthou, matig) (F p. 91, S p. 108 & 109)

3.6 **Skryf ʼn paragraaf waarin jy verduidelik hoe cholesterol tot koronêre hartvatsiektes bydra.**
Cholesterol word in bloed aangetref, maar kan opbou in die koronêre are ✓ as die cholesterolvlakke in die bloed te hoog raak. ✓ Hierdie deposito, wat plaak ✓ genoem word, veroorsaak dat die are vernou, ✓ verstop ✓ en verhard. ✓ Hierdie toestand staan bekend as arteriosklerose. ✓ Dit verhoed die vloei van bloed en suurstof na die hart ✓ wat aanleiding gee tot hartaanvalle. ✓
(Enige 4 x 1) (4)

(Analiseer, moeilik) (F p. 74 & 75, S p. 83-85)

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.7 Lees die scenario en beantwoord die vrae wat volg:

3.7.1 **Verduidelik die konsep *bloeddruk*:**
Die druk van bloed wat in die are vloei, ✓ word teen ŉ hoë en lae punt ✓ gemeet.

OF

Bloeddruk is die drukking van die bloed teen die slagaarwand ✓ terwyl dit deur die liggaam sirkuleer en word gemeet in twee dele, sistolies en diastolies. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

(Verstaan, maklik) (F p. 77, S p. 86)

3.7.2 **Kort verduideliking van die oorsake van hipertensie:**
Familiegeskiedenis van hoë bloeddruk ✓
Oorgewig of vetsug ✓
ŉ Ongesonde dieet wat met groot hoeveelhede sout ✓
Oormatige alkohol inname ✓
Gebrek aan fisiese aktiwiteit ✓
Die gereelde gebruik van sekere medikasies bv. geboortebeperking
ŉ Stresvolle leefstyl ✓
Chronese nierversaking ✓
Bynier en skildklierprobleme. ✓
Rook ✓
Ouderdom ✓
Onvoldoende inname van melkprodukte, vrugte en groente (kalsium, kalium en magnesium) ✓ (Enige 2 x 1) (2)

(Onthou, maklik) (F p. 77, S p. 87)

3.7.3 **Verduidelik hoe Thabo sout in sy dieet kan verminder in ŉ poging om hipertensie te verhoed.**
Thabo moet kruie/speserye ✓ in plaas van sout gebruik om sy kos te geur. ✓
Vermy die gebruik van soppe/sous/aftreksel wanneer kos voorberei word, aangesien dit baie sout bevat. ✓
Verminder die inname van geprosesseerde voedsel/ gerookte vleis/spek/gemorskos/pizza ✓ omdat dit versteekte sout bevat.
Vermy die inname van sout peuselhappies/biltong / aartappelskyfies/ gesoute neute/grondboontjies/ gesoute springmielies ✓
Vermy enige voedsel wat sout/natrium/natriumchloried/mono-natriumglutumaat ✓ op die lys van bestanddele bevat.
Moenie meer as een teelepel/ 5g sout per dag gebruik nie. ✓
Eet voedsel laag in sout/met minder as 120 mg/0,3 g sout per 100 g. ✓
Beperk die gebruik van sout wanneer jy kook. ✓ (Enige 5 x 1) (5)

(Analiseer, moeilik) (F p. 77, S p. 87 & 88)

[40]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 4: KLEDING

4.1 **Verduidelik die term *mode*.**

Styl/tipe klere ✓ wat deur 'n groot groep/baie/meeste mense ✓ op 'n spesifieke tyd en plek ✓ gedra word.

OF

Mode is die styl wat op 'n gegewe tyd en plek ✓ deur 'n spesifieke groep ✓ mense aanvaar word. (2)

(Onthou, maklik) (F p. 48, S p. 49)

4.2 **Voordele van klassieke style**

Is geskik vir die meeste figuurtipes/ amper almal lyk goed daarin ✓
Dit word voortdurend aanvaar omdat dit tydloos is/ Hou vir baie seisoene. ✓
Word beskou as smaakvol/stylvol. ✓
Is gewoonlik van goeie gehalte/kwaliteit. ✓
Word gekenmerk deur eenvoud. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

(Onthou, maklik) (F p 49, S p 51)

4.3 **Stadiums in die modesiklus**

4.3.1 **R599,00 (Hoogtepunt)**

Mode bereik hoogtepunt/baie mense dra dit. ✓
Mode-items word in toenemende getalle vervaardig. ✓
Dit word adverteer in winkels/tydskrifte /en op sosiale media ✓
Massa produksie stimuleer verkope. ✓
Goedkoper as by modevertonings. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

(Toepassing, matig) (F p50, S p.50)

4.3.2 **R299,00 (Veroudering)**

Nuwe mode is reeds gevestig en op pad na sy hoogtepunt ✓
Die item is nou uit die mode uit/modesiklus is voltooid ✓ en minder mense koop dit. ✓
Winkels merk die produkte af. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

(Toepassing, matig) (F p. 50, S p. 69)

4.4 **Hoe die volgende faktore mode verandering beïnvloed:**

4.4.1 **Ekonomiese faktore**

Ekonomiese resessie en depressies / inflasie / rykdom en armoede ✓ kan moderverandering versnel of vertraag. ✓
Mode floreer in gemeenskappe waar mense geld het om aan klere te spandeer. ✓
Wanneer verbruikersinkomste hoog is/toegang tot kredietfasiliteite verbeter ✓ neig mense om meer klere te koop en mode verander vinnig. ✓ In arm gemeenskappe is daar feitlik geen verandering in mode nie. ✓ (Enige 4 x 1) (4)

(Analiseer, moeilik) (F p. 49, S p. 53)

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

4.4.2 **Tegnologiese faktore**

Ontwikkeling van sintetiese vesels, / nuwe afwerkingsprosesse, / die verbetering van vesel eienskappe / en nuwe vervaardigingsmetodes ✓ lei tot voortdurende verandering in die modebedryf. ✓
Verbeterde industriële naai- en breimasjiene het die vervaardigingsproses vinniger gemaak ✓ wat daartoe lei dat beide geld asook tyd bespaar word. ✓ Verbeterde klerevervaardiging verseker die produksie van meer klere ✓en ʼn daling in die koste van mode-items. ✓
Massa media soos TV/radio/koerant/tydskrifte/internet versprei modenuus baie vinnig. ✓
Verbeterde verspreidingsmetodes bring nuwe modekledingstukke binne enkele dae na winkels/klante. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

(Analiseer, moeilik) (S p. 54, F p. 51)

4.5 **Hoe aankope by tweedehandse klerewinkels en aanlyntoeps soos Yaga, tot die volhoubaarheid van die omgewing kan bydra.**

Ongewenste kledingstukke word nie weggegooi nie✓ dit word verkoop om ʼn tweede keer te gebruik/herwin/hergebruik. ✓
Afval word verminder ✓ en daarom word minder stortingsterein spasie in beslag geneem. ✓
Die hoeveelheid materiaal/klere wat nuut vervaardig moet word, verminder ✓ en gevolglik verminder besoedeling/koolstofvoetspoor raak kleiner. ✓
Die gebruik van water/elektrisiteit benodig tydens vervaardiging, word verminder ✓ en dit het ʼn positiewe impak op die natuurlike omgewing. ✓
(Enige 4 x 1) (4)

(Toepassing, matig) (S p. 68, F p. 62 & 63)

[20]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 5: BEHUISING EN INTEREUR

5.1 **Doel van Nasionale Huisbouersregistrasieraad**
Om behuisingsverbruikers by te staan ✓en te beskerm. ✓

OF

Om bevredigende standaarde van konstruksie ✓en verantwoordelike optrede deur kontrakteurs ✓ te verseker. (2)

(Onthou, matig) (F p. 119, S p. 139)

5.2 5.2.1 **Identifiseer die behuisingsopsies**
Gesin A: Huur ✓
Gesin B: Koop ✓
Gesin C: Bou ✓ (3)

(Toepassing, matig) (F p. 117–121, S p. 136–141)

5.2.2 **Waarom is Gesin C die wettige eienaar van die hele eiendom maar Gesin B besit slegs 'n deel van die eiendom?**
Gesin C het voltitel eienaarskap ✓ wat beteken dat hulle die wettige eienaar van die hele eiendom ✓ insluitende die grond en struktuur daarop ✓ is. Eienaar moet erfbelasting, dienste en onderhoud van die eiendom betaal. ✓ (Enige 2 x 1)

Gesin B het deeltitel eienaarskap ✓
Eenhede van 'n gebou is in individuele besit, ✓ eienaar besit ook 'n deel van die gemeenskaplike fasiliteite. ✓ (Enige 2 x 1) (4)

(Toepassing, matig) (F p. 121 & 122, S p. 139 & 140)

5.2.3 **Gevolge indien huiseienaar nie finansiële verantwoordelikhede nakom nie.**
Huiseienaars wat nie maandeliks die verbandpaaiemente kan betaal nie, loop die risiko om die eiendom te verloor omdat die eiedom terug geneem kan word. ✓
As erfbelasting nie stiptelik betaal word nie, word rente ✓ op die uitstaande bedrag gehef en kan vinnig ophoop.
As water- en elektrisiteitrekeninge nie betaal word nie, kan die dienste gestaak/afgesny word. ✓
As omvattende huiseienaarsversekering nie gereeld betaal word nie kan dit gebeur dat daar geen uitbetaling ✓ sal wees in die geval van skade deur brande/vloede nie.
Indien die eiendom nie onderhou word nie, verloor dit waarde en raak bouvallig. ✓
Veiligheid van inwoners word bedreig indien die sekuriteitsfooie nie gereeld betaal word nie. ✓
Die huiseienaar se kredietrekord ✓ word negatief beinvloed. ✓
Die bedrag sal toeneem indien 'n betalingsvakansie toegestaan is. ✓
(Enige 5 x 1) (5)

(Analiseer, moeilik) (F p. 127 – 128 S p. 139 –145)

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

5.3 5.3.1 **DRIE faktore wat in oorweging geneem moet word tydens die keuse van 'n yskas/vrieskas**.

Behoeftes van die gesin/grootte van die gesin/hoeveelheid spasie beskikbaar/eienskappe van die yskas/funksies van die yskas/leefstyl van die gesin ✓
Begroting/bekostigbaarheid/energie doeltreffendheid/ nuut of tweedehandse/ gas of elektrisiteit/installasie ✓
Maklike hantering/instruksies wat maklik is om te verstaan en te volg/funksies wat verrig moet word//ontwerpeienskappe ✓
Veiligheid/ veilig om te gebruik/veiligheidsertifisering ✓
Betroubaarheid van die handelaar ✓
Omvattendheid en duur van die waarborg ✓ (Enige 3 x 1) (3)

(Onthou, Maklik) (F p. 133, S p.152)

5.3.2 **Wat 'n afbetaalkooptransaksie is en waarom dit duurder is.**

'n Afbetaalkooptransaksie verwys na 'n transaksie waar die koper eienaarskap neem van die goedere ✓ maar slegs die eienaar daarvan word wanneer die laaste paaiement betaal is. ✓
Die verkoper mag goedere terugneem as die koper nie hou by die terme van die ooreenkoms nie. ✓
'n Deposito word betaal ✓ en die balans word oor 'n tydperk (12, 24 of 36 maande) in paaiemente afbetaal. ✓
'n Afbetalingskooptransaksie kos meer /is duurder omdat finansieringskoste bereken en by die koste gevoeg word ✓ om die verkoper te vergoed vir die toestaan van krediet. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

(Verstaan, matig) (F p. 148 & 149, S p.162)

[20]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 **Definieer 'n werkplan.**

'n Dokument ✓ wat stel watter take gedoen moet word ✓ om jou doelwitte te bereik.

OF

Dit sluit die volgorde ✓ in waarin take voltooi moet word ✓ om die afleweringsdatum te bereik. (2)

(Onthou, maklik) (F p. 15, S p .21)

6.2 6.2.1 **VIER vereistes van hoë gehalte verpakking vir pizza's.**
Dit moet:

Die verbruiker se oog vang en aandag trek. ✓
Uitstaan tussen ander soortgelyke produkte op die rak. ✓
By die produk pas/ 'n geskikte vorm/grootte hê om die voorkoms en vorm van die produk te beskerm. ✓
Sterk genoeg wees vir vervoerdoeleindes. ✓
Sterk wees/goed ontwerp wees/gerieflik wees/maklik wees om oop- en toe te maak/maklik hanteerbaar wees. ✓
'n Geskikte grootte hê. ✓
Die produk beskerm teen stof, vog, UV-strale, uitdroging, kontaminasie en die pizza warm hou. ✓ (Enige 4 x 1) (4)

(Onthou, maklik) (F p.22, S p.29)

6.2.2 **VIER prysbepalingstrategieë**

Premieprysbepaling ✓
Waarde-vir-geld-prysbepaling ✓
Onderkruipprysbepaling✓
Afroomprysbepaling ✓
Kostegebaseerde prysing ✓
Vraaggebaseerde prysing ✓
Mededinging-gebaseerde prysing ✓ (Enige 4 x 1) (4)

(Onthou, maklik) (F p. 32, S p.31)

6.2.3 **Voordele verbonde aan die gebruik van plaaslike bestanddele.**

Plaaslike aankope kan goedkoper ✓ wees aangesien geen invoerkoste betaal word nie ✓
Die plaaslike ekonomie word ondersteun ✓ en geld word in Suid-Afrika gehou. ✓
Bestanddele is maklik bekombaar, hoef nie lank te wag om bestanddele te kry nie. ✓
Vars bestanddele sal 'n hoër gehalte hê. ✓
Geen onderbrekings in produksie nie. ✓
Minder brandstof word gebruik en daarom is afleweringskoste minder ✓
Koolstofdioksiedvrystellings in die atmosfeer word verminder ✓
(Enige 4 x 1) (4)

(Verstaan, matig) (F p.13, S p.19 & 20)

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

6.2.4 **VIER voordele verbonde aan die voldoening van produkspesifikasies.**

Dit verseker dat die gehalte ✓ en standaard ✓ van die produkte deurlopend is.
Klante weet wat om te verwag / produkte voldoen aan hul verwagtinge ✓ en werkers weet wat om te produseer ✓ en hou daarby.
Verseker dat die produk altyd dieselfde is in terme van voorkoms / grootte / gewig / kleur ✓ en dat die gehalte deurlopend is. ✓
Alle produkte sal suksesvol wees en geen wins sal verlore gaan as gevolg van mislukkings nie. ✓ (Enige 4 x 1) (4)

(Onthou, matig) (F p. 16, S p. 21)

6.2.5 **DRIE faktore wat Craig en Andrew moet oorweeg voordat hulle op 'n produk besluit vir hulle kleinskaalse onderneming.**

Beskikbaarheid van menslike vaardighede ✓ – Craig besit die vaardigheid om pizza te maak. ✓
Beskikbaarheid van grondstowwe/bestanddele ✓ – Hulle het vars bestanddele by 'n plaaslike boer bestel. ✓
Verbruikersaanklank ✓– hulle bied 'n verskeidenheid van geure aan en voorsien monsters (samples) aan kliënte om uit te toets. ✓
(Enige 2 x 3) (6)

(Toepassing, matig) (F p. 10-13, S p. 16-19)

6.2.6 **Hoe die volgende Craig en Andrew se besigheid bemark.**
"Word-of-mouth" advertensies

Hulle het monsters van die produkte aangebied en mense vertel van hulle besigheid. ✓
Die gehalte van die produkte het die produkte aanloklik gemaak en die kliënte het vir ander mense daarvan gaan vertel. ✓ (2)

(Toepassing, matig) (F p. 31, S p. 30)

6.2.7 **Een medium pizza word verkoop teen R56,00. Die produksiekoste van die pizza is R36,00**

(a) **Bereken die wins op een pizza. Toon ALLE berekeninge.**

Wins = Verkoopprys – produksiekoste
= R56,00 ✓– R36,00 ✓
= R20,00 ✓ (3)

(Toepassing,maklik) (F p. 38, S p. 40)

(b) **Totale inkomste van verkope is R 60 000,00 per maand. As hul 'n winsgrens van 60% het, bereken hoeveel wins hulle per jaar maak. Toon ALLE berekeninge.**

R60,000 ✓ x 60/100 ✓ = R36 000,00 ✓ (3)

(Toepassing, matig) (F p. 38, S p.40)

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

6.2.8 **Analiseer waarom Craig en Andrew se besigheid waarskynlik volhoubare winsgewendheid sal toon.**

Hulle het opleiding ontvang/ ʼn vaardigheid aangeleer, ✓ Craig het geleer hoe om pizza te maak. ✓
Hulle bied ʼn verskeidenheid van geure ✓ en ʼn oormaat "toppings" aan. ✓
Hulle lewer uitstekende diens ✓ aan hulle kliënte en is vasberade om fantastiese pizza's aan hul klante te lewer. ✓
Hulle het ure spandeer om resepte uit te toets ✓ en het gratis "monsters" aan kliënte verskaf. ✓
Hulle het ʼn innoverende en kreatiewe produk geskep om aan die behoeftes van hul kliënte te voldoen. ✓
Hul trots lê in die aflewering van vars, warm pizza's. ✓
Hulle bestel plaaslike, vars bestanddele vanaf omliggende plase. ✓
Die besigheid het só gewild geraak dat dit oorgekoop is deur die suksesvolle Steers Groep. ✓ (8)

(Analiseer, moeilik) (F p. 35 S p. 34)

[40]

AFDELING B: 160
GROOTTOTAL: 200

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.